AANDAG: DANIE MOUTON
Steytlerville se terugvoer oor kerkhereniging.

B Gesprekke oor die Konfessionele Basis

- Tevrede indien die Belhar Belydenisskrif nie as voorwaarde vir aanvaarding afgedwing word nie
- Vrees dat Belhar Belydenisskrif dalk n ander "geloof" is
- Wat gaan van ons dankoffers word? Gaan ons dit deel met die ander plaaslike gemeentes in die kerkfamilie?
- Sommige is tevrede en voel ons as gemeente kan slegs die 3 oorspronklike belydenisskrifte bely
- Ons hoef nie vrese te hê nie, want die plaaslike VGK het ook Belhar belydenisskrif nie aanvaar nie
- Vrese dat ons eiendom geneem sal word
- Aanvaarding van Belhar Belydenisskrif sal konflik veroorsaak
- Daar bestaan agterdog oor die 2/3 meerderheid vereiste, aangesien dit kan lei dat die Belhar Belydenisskrif afgedwing kan word
- Belhar Belydenisskrif was destyds polities gefundeerd
- Meerderheid van mense wil nie hê dat Belhar deel van die Konfessionele basis uitmaak nie, maar die meerderheid is wel positief oor kerkhereniging

C Model

Tevredenheid oor die Model omdat ons steeds kan aanbid soos ons graag wil en dat ander lede van die N.G. Kerk-familie nie ons "tradisie" kan verander as hulle aansluit nie
Ons hoef nie saam te smelt met enige ander gemeentes nie.

D Gesamentlike Projekte

Daar is reeds samewerking met ander gemeentes in ons dorpie en die gemeente het geen probleem met die uitbreiding van nog samewerking tussen gemeentes in die N.G. Kerk-familie nie.

E Versoeningsprosesse

Die gemeente het geen probleem as sulke prosesse van stapel gestuur sou word nie.